Seeroeikunde



"Een van die grootste bydraes wat ' n mens aan jou land en aan die wêreld kan lewer, is om jou kinders met ' n sin vir waardigheid en verantwoordelikheid groot te maak"
- George Bernard Shaw

Doelwit: *Om die Verkenner toe te rus met kennis en vaardighede wat hom in staat sal stel om die see met behulp van 'n seekajak omsigtig, verantwoordelik en veilig aan te durf.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
3. 'n Voortrekker aanvaar gesag.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Die spesialisasie spreek die B en C van Die Voortrekkers se ABC aan. Deur die kursus te deurloop sal die Verkenner kennis opdoen in die identifisering van gevaarlike roeitoestande en praktyke. Die Verkenner sal ook in sulke situasies ander persone daaromtrent kan inlig en waarsku. Deur tyd in 'n kajak op die see te spandeer kry die Verkenner die geleentheid om God se skepping te waardeer. Die Verkenner leer ook om ontsag te hê vir die kragte van God se natuur en om op God te vertrou in spanningsvolle situasies. Die kursus ontwikkel die Verkenner se leierseienskappe en leer hom ook om verantwoordelikheid vir ander se veiligheid te aanvaar.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	5 dae	**Graadgroep:**	11 en 12 (16 jaar en ouer)
Voorvereistes:	Deelnemers moet vooraf oefen om aan die volgende minimum fiksheid vlak te voldoen: • swem (Swembad): 200 meter in 10 minute • swem (See): 50 meter, met klere, dryfbaadjie en spaan (Tydsduur onbeperk) • watertrap: 10 minute • arm-optrekke (Pull-ups): 5 agtereenvolgend met 20 sekondes rus tussenin.		
Aanbieding:	Gebiedskamp, geakkrediteerde gebiedskamp		
Toekennings instansie:	Gebiedskamp, geakkrediteerde gebiedskamp		

Eksterne Akkreditasie

Beheerliggaam:	Avontuur en Rekreasie Assosiasie (ARA)	**Vlak:**	ARA Vlak 1 (NQF 3)
Toekennings instansie:	ARA Geakkrediteerde gebiedskamp		
Opmerking:	Enige gebiedskamp kan die spesialisasie aanbied. Slegs 'n geakkrediteerde gebiedskamp kan egter 'n sertifikaat uitreik wat deur die spesifieke beheerliggaam erken word.		
Intensiteit:	Hoë Intensiteit en Risiko gradering		

Seeroeikunde



Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Die term "Seevaardige Kajakke" omskryf.*
2. *Die gebruik van seeroeikunde toerusting lys en bespreek.*
3. *Verskillende alarm-maak en kommunikasie metodes lys en bespreek.*
4. *Verskillende seeroetes en toere wat in Suid-Afrika beskikbaar is, identifiseer.*
5. *Alternatiewe gebruike van seekajake soos redding, visvang, duik en toere identifiseer.*
6. *Seeroeikunde terminologie bespreek.*
7. *Tussen verskillende selfreddingstegnieke onderskei.*
8. *Weersomstandighede en die invloed daarvan op die see verduidelik.*
9. *Die dinamika en invloed van seestrome en land-/standvorms op seeroei verduidelik.*
10. *Navigasie op die see m.b.v. landbakens, kompas en satelietkompas (GPS) verduidelik.*
11. *Die optrede tydens moontlike gevaarsituasies wat ter see mag ontstaan soos teenwoordigheid van seelewe (haaie, dolfyne, walvisse, ens), ontstuimige see, verandering in weersomstandighede, fratsgolwe en winde, ens, verduidelik.*
12. *Basiese eerstehulp behandeling tydens seeroei aktiwiteite verduidelik.*
13. *Seeroeitoerusting voor die bepaalde aktiwiteit vir seevaardigheid, werking, veiligheid en bruikbaarheid nagaan.*
14. *Seeroeitoerusting kan verstel om die deelnemers te pas.*
15. *Verseker dat toerusting en bagasie wat nie onmiddelik benodig word nie, waterdig verpak en korrek geberg word.*
16. *Nagaan van seeroeitoerusting vir verlies, skade en slytasie.*
17. *'n Seekajak en gepaardgaande toerusting kan versorg en instand hou.*
18. *Seeroeikundetoerusting op 'n veilige en verantwoordelike manier berg om skade te voorkom wat toekomstige gebruik kan belemmer.*
19. *Die vasmaak van 'n seekajak demonstreer vir veilige vervoer doeleindes.*
20. *Die terugrapportering na toerustinginspeksies kan uitvoer met die oog op die toestand van toerusting en die gebreke kan uitwys.*
21. *See- en weerstoestande vir die geskiktheid van 'n roei-oefening evalueer.*
22. *Tewaterlating- en landingsareas vir geskiktheid en veiligheid evalueer.*
23. *Die vasmaak van 'n seekajak aan die bodem, bank of kuslyn demonstreer.*
24. *Die praktiese roei deur die brandersone tot agter die branderlyn en daarna terug om veilig te land, demonstreer.*
25. *Navigasievaardighede onder tipiese seeroei toestande demonstreer.*
26. *Beheerde roeivaardighede demonstreer deur die seekajak te roei, stuur, navigeer en te loods .*
27. *Die effektiewe gebruik van die spaan demonstreer asook gepaardgaande roeislae.*
28. *Die effektiewe gebruik van die roer demonstreer.*
29. *'n Beheerde uit/afklim in diepwater demonstreer.*

30. *Een selfreddingstegniek in diepwater toepas. (Selfredding tegniek impliseer om 'n seekajak, spane en toerusting te herwin en weer in die water te beman nadat dit omgeslaan het).*

31. *Die herwinde kajak op vaardige wyse na die reddingstuig of land beweeg indien dit nie weer beman kan word nie.*

32. *Die leegmaak van 'n oorstroomde seekajak demonstreer.*

33. *Reddingstegnieke demonstreer bv. sleep van kajakke of persone .*

34. *'n Roeteplan met alternatiewe ontsnaproetes opstel.*

35. *'n Dryf- en reddingsplan opstel en kommunikeer aan kampbestuur of indien nodig aan spesifieke owerhede bv. NSRI.*

36. *Basiese seeroei uitvoer oor 'n afstand van 2 km na 'n vooraf beplande bestemming . (Parallel aan die kuslyn met 'n maksimum van 500 m daarvandaan)*